**2 Januarie**
**Skrifgedeelte: Genesis 8:13-22**
**Fokusgedeelte: Genesis 8:20**

**Altaar: terug en vorentoe!**

- Hoe ons die toekoms moet aanpak ... dit bly altyd ’n vraag in jou hart!
- Wat ons vorentoe moet verwag ... dit bly ’n onsekerheid.

Toe Noag en sy mense die dag uit die ark uitgaan, was dit eintlik die afsluiting van ’n hele ou lewe, ’n lewe:

- ’n lewe wat getuig het van die sonde en eiegrootheid van die mens,
- ’n lewe wat moes uitloop op die verskriklike straf van God.

Vorentoe lê vir hulle ’n nuwe toekoms, maar tog ’n toekoms wat totaal onbekend is vir hulle.
Hier, by die kruispunt van die verlede en die toekoms, staan Noag ... by ’n altaar! ’n Altaar met ’n boodskap!
Dit is die eerste wat Noag doen: hy bou ’n altaar om God te dank vir die verlossing van die verlede, en om hom en sy mense vir die toekoms aan God te wy en om hulle in alles oor te gee in die hand van God.
Hierdie is ’n offer wat regtig opoffer. Die getal rein diere wat uit die ark gekom het, was maar beperk. Tog was Noag bereid om die offer te bring, om so te wys dat eintlik alles aan die Here geoffer word.
God antwoord op hierdie offer met ’n belofte van liefde. So wys die altaar van Noag na die grootste altaar van die wêreld, die altaar waar die Seun van God homself totaal geoffer het as ’n volkome versoening vir al ons sondes.
Deur Jesus Christus kry ons die versekering van die verlossing uit ons sondelas en die liefdevolle versorging van God al die dae van ons lewe.
Die sonde se gevolg is oorstromings en natuurrampe, maar nou is dit nie meer ’n straf op ons sonde nie, alleen ’n terugroep na God se liefde toe. Christus het die straf mos volkome gedra.
Natuurlik vra Christus se offer ook ’n offer van ons kant af, ’n offer uit dankbaarheid aan die Here gewy. Hierdie offer? “Gee julleself aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is” (Rom 12:1). Hierdie offer van jouself vra

- dat jy terugkyk: Jesus Christus het jou verlos en jou met sy bloed gekoop,
- en dat jy vorentoe kyk: in lewe en sterwe behoort jy aan Hom, in alles is jy veilig in God se hand.

Sing: Psalm 68:9 (1936)
Ds RG Aucamp (Middelburg, Karoo)